REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 20c PRYS
OVERSEAS 30c OORSEE
POST FREE — POSVRY

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 107] PRETORIA, 10 MAY 10 MEI 1974 [No. 4272

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 91, 1974

CORRECTION OF THE DESCRIPTION OF RELEASED AREA 63 IN THE DISTRICTS OF KING WILLIAM'S TOWN AND STUTTERHEIM

Whereas the area described in the Schedule hereto has, by resolution of both Houses of Parliament, been declared a released area in terms of section 2 (4) of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936);

And whereas Released Area 63 has been incorrectly defined in the Schedule to Proclamation 257 of 1972 as published in *Gazette* 3676, dated 13 October 1972;

Now, therefore, by virtue of the powers vested in me by section 2 (4) of the said Act, I hereby correct the description of Released Area 63 in the said Schedule to Proclamation 257 of 1972, by the substitution for the said description of the description contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Tenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

AREA 63

DISTRICTS OF KING WILLIAM'S TOWN AND STUTTERHEIM

Description

The area comprising Farms 561, 562, 563, 564, 565, 566, 567, 568 and 569 in the District of Stutterheim, the Village Management Board Area of Frankfort in the District of King William's Town as defined in Proclamation 200/1881, and that portion of the Village Management Board Area of Braunschweig in the District of King William's Town within the following limits:

Beginning at the northernmost beacon of Balasi Location 31; thence south-westwards along the boundary of the said Balasi Location 31, so as to exclude it from the area, to the point where it meets the Zinyoka Stream; thence down the middle of the said Zinyoka Stream to the point where it meets the southern boundary of Lot 38; thence generally westwards and north-westwards along the boundaries of the following lots so as to include them in the area: The said Lot 38 and Lots 37, 36, 35 and

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 91, 1974

VERBETERING VAN DIE OMSKRYWING VAN OOPGESTELDE GEBIED 63 IN DIE DISTRIKTE KING WILLIAM'S TOWN EN STUTTERHEIM

Nademaal die gebied omskryf in die Bylae hiervan by besluit van beide Huise van die Parlement tot oopgestelde gebied verklaar is ingevolge artikel 2 (4) van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936);

En nademaal Oopgestelde Gebied 63 foutief omskryf is in die Bylae van Proklamasie 257 van 1972 soos gepubliseer in *Staatskoerant* 3676 van 13 Oktober 1972;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (4) van genoemde Wet die omskrywing van Oopgestelde Gebied 63 in genoemde Bylae van Proklamasie 257 van 1972 hierby verbeter deur genoemde omskrywing te vervang deur die omskrywing vervat in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tiende dag van April Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

GEBIED 63

DISTRIKTE KING WILLIAM'S TOWN EN STUTTERHEIM

Omskrywing

Die gebied wat bestaan uit Plase 561, 562, 563, 564, 565, 566, 567, 568 en 569 in die distrik Stutterheim, die Dorpsbestuursraadgebied van Frankfort in die distrik King William's Town soos omskryf in Proklamasie 200/1881 en daardie gedeelte van die Dorpsbestuursraadgebied van Braunschweig in die distrik King William's Town binne die volgende grense:

Begin by die noordelikste baken van Balasilokasie 31; daarvandaan suidweswaarts met die grens van genoemde Balasilokasie 31 langs, sodat dit uit die gebied uitgesluit word tot by die punt waar dit die Zinyokastroom ontmoet; daarvandaan met die middel van genoemde Zinyokastroom af tot by die punt waar dit die suidelike grens van Perseel 38 ontmoet; daarvandaan algemeen weswaarts en noordweswaarts met die grense van die volgende persele langs sodat hulle in die gebied ingesluit word: Genoemde

34, to the westernmost beacon of the said Lot 34; thence westwards in a straight line to the south-western beacon of Lot 339 (KWTQ 2.50); thence northwards along the boundary of the said Lot 339 (KWTQ 2.50), so as to include it in the area, to the easternmost beacon of Lot 3 (KWTF 24.15); thence north-westwards in a straight line to the point where the Zeleni River meets the southern boundary of Lot KWTF 23.7; thence northwards along the middle of the said Zeleni River to the point where it meets the northern boundary of Lot KWTF 24.84; thence north-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Lot KWTF 23.6; thence westwards along the northern boundary of the said Lot KWTF 23.6 to its north-western beacon; thence south-westwards in a straight line to a point the co-ordinates of which, in metres, based on the Gauss Conformal Projection, System Lo 27°, are Y—33 059,84x+3 628 710,50; thence south-eastwards in a straight line to the easternmost beacon of Released Area 27; thence generally westwards, northwards, eastwards and southwards along the boundary of the Village Management Area of Braunschweig as defined in Proclamation 83/1931, so as to include it in the area, to the northernmost beacon of Balasi Location 31, the point of beginning.

No. 92, 1974

DETERMINATION OF RIGHT OF OCCUPATION OR OWNERSHIP OF CERTAIN LAND IN THE BULWER DISTRICT, PROVINCE OF NATAL

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (d) of subsection (1) of section 8 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), I hereby declare that the provisions of the said section 8 shall apply to the Bulwer District, Province of Natal.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Tenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

No. 94, 1974

DISSOLUTION OF THE SENATE

I, Jacobus Johannes Fouché, State President of the Republic of South Africa, hereby dissolve, under and by virtue of the power and authority vested in me by section 33 (1) (b) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), the Senate with effect from 11 May 1974.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Seventh day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. J. VORSTER.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF COLOURED RELATIONS AND REHOBOTH AFFAIRS

No. 804 10 May 1974

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963.—AMENDMENT OF REGULATIONS

Under section 34 of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Coloured Relations and Rehoboth

Perseel 38 en Persele 37, 36, 35 en 34 tot by die westelikste baken van genoemde Perseel 34; daarvandaan weswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van Perseel 339 (KWTQ 2.50); daarvandaan noordwaarts met die grens van genoemde Perseel 339 (KWTQ 2.50) langs, sodat dit in die gebied ingesluit word, tot by die oostelikste baken van Perseel 3 (KWTF 24.15); daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die punt waar die Zelenirivier die suidelike grens van Perseel KWTF 23.7 ontmoet; daarvandaan noordwaarts met die middel van genoemde Zelenirivier langs tot by die punt waar dit die noordelike grens van Perseel KWTF 24.84 ontmoet; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Perseel KWTF 23.6; daarvandaan weswaarts met die noordelike grens van genoemde Perseel KWTF 23.6 langs tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan suidweswaarts in 'n reguit lyn tot by 'n punt waarvan die koördinate, in meter, gebaseer op Gauss se Konforme Projeksie, Stelsel Lo. 27°, Y—33 059,84x+3 628 710,50 is; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die oostelikste baken van Oopgestelde Gebied 27; daarvandaan algemeen weswaarts, noordwaarts, ooswaarts en suidwaarts met die grens van die Dorpsbestuursraadgebied van Braunschweig langs soos omskryf in Proklamasie 83/1931, sodat dit in die gebied ingesluit word, tot by die noordelikste baken van Balasilokasie 31, die beginpunt.

No. 92, 1974

BEPALING VAN BESIT OF EIENDOMSREG VAN SEKERE GROND IN DIE DISTRIK BULWER, PROVINSIE NATAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel 8 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde artikel 8 van toepassing is op die distrik Bulwer, provinsie Natal.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tiende dag van April Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

No. 94, 1974

ONTBINDING VAN DIE SENAAT

Ek, Jacobus Johannes Fouché, Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, ontbind hierby, kragtens die bevoegdheid en gesag my verleen by artikel 33 (1) (b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), die Senaat met ingang van 11 Mei 1974.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. J. VORSTER.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN KLEURLINGBETREKKINGE EN REHOBOTH-AANGELEENTHEDE

No. 804 10 Mei 1974

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963.—WYSIGING VAN REGULASIES

Kragtens artikel 34 van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), wysig ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Kleurlingbetrekkinge

Affairs, hereby further amend the regulations made under the said section 34 and published by Government Notice R. 1898, dated 21 November 1963, as amended, as follows:

The substitution in regulation T2.1 (b) for "R20" of "R26".

S. W. VAN DER MERWE, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs.

7 September 1973.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 797 10 May 1974

TENDERS FOR FIVE-YEAR NON-RESIDENT BONDS

Tenders will close at 11 a.m., on 3 June 1974, for Five-year Non-Resident Bonds to the value of approximately R1 000 000 (one million rand) at a minimum price of R85,00% (eighty-five rand per cent) on the terms and conditions stipulated in the prospectus, dated 1 July 1964.

Prospectuses are obtainable from banks in the Republic and South-West Africa as well as from the Treasury, Union Buildings, Pretoria.

Each tender must be accompanied by a separate cheque.

No. 806 10 May 1974

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from 15 May 1974 to 15 June 1974, both days inclusive, and that the interest due on 15 June 1974 will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:

Local Registered Stock, 5¼ Per Cent, 1980.
Local Registered Stock, 5½ Per Cent, 1985.
Local Registered Stock, 6½ Per Cent, 1994.

DEPARTMENT OF FORESTRY

No. 777 10 May 1974

NOTICE REGARDING THE IMPOSITION OF A LEVY ON TIMBER

Under the powers delegated to me by the Minister of Forestry in terms of section 3 (1) of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), as amended, to exercise on his behalf the powers vested in him by section 10G of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), as amended, I hereby impose a levy on timber sold, purchased or otherwise disposed of as set out in the Annexure to this notice.

H. L. DE W. MALHERBE, Secretary for Forestry.

ANNEXURE

1. From 1 April 1974 the levies set out in paragraphs 1.1 and 1.2 hereunder shall be payable on all timber sold, purchased or otherwise disposed of in the Republic, irrespective of whether such timber is produced in or imported into the Republic.

1.1 *Timber produced in the Republic.*

Sawlogs, veneer logs, pulpwood, mining timber, matchwood, poles, laths and droppers, smelter poles, firewood bought by firewood dealers and industries, and timber used for the manufacture of boards:

1.1.1 *Obtained from own and/or private sources:* Five and a half (5,5) cents, per m^3 on timber in the round

1.1.2 *Obtained from State forests:* Two (2,0) cents per m^3 on timber in the round.

en Rehoboth-aangeleenthede, hierby die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel 34 en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1898 van 21 November 1963, soos gewysig, verder soos volg:

In regulasie T2.1 (b) vervang "R20" deur "R26".

S. W. VAN DER MERWE, Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede.

7 September 1973.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 797 10 Mei 1974

TENDERS VIR VYFJAAROBLIGASIES VIR NIE-INWONERS

Tenders sal om 11-uur vm., op 3 Junie 1974, sluit vir Vyfjaarobligasies vir Nie-inwoners, ter waarde van ongeveer R1 000 000 (eenmiljoen rand) teen 'n minimum prys van R85,00% (vyf-en-tagtig rand persent) op die terme en voorwaardes soos neergelê in die prospektus, gedateer 1 Julie 1964.

Prospektusse is by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika sowel as die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar.

Elke tender moet van 'n aparte tjek vergesel gaan.

No. 806 10 Mei 1974

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 15 Mei 1974 tot en met 15 Junie 1974 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 15 Junie 1974 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

Plaaslike Geregistreerde Effekte, 5¼ Persent, 1980.
Plaaslike Geregistreerde Effekte, 5½ Persent, 1985.
Plaaslike Geregistreerde Effekte, 6½ Persent, 1964.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU

No. 777 10 Mei 1974

KENNISGEWING IN VERBAND MET DIE OPLEGGING VAN 'N HEFFING OP TIMMERHOUT

Kragtens die bevoegdheid aan my gedelegeer deur die Minister van Bosbou ingevolge artikel 3 (1) van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), soos gewysig, om die magte hom verleen ingevolge artikel 10G van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), soos gewysig, uit te oefen, lê ek hierby 'n heffing op soos uiteengesit in die Aanhangsel van hierdie kennisgewing op timmerhout verkoop, gekoop of andersins van die hand gesit.

H. L. DE W. MALHERBE, Sekretaris van Bosbou.

AANHANGSEL

1. Vanaf 1 April 1974 is die heffings uiteengesit in paragrawe 1.1 en 1.2 hieronder betaalbaar op alle timmerhout wat in die Republiek verkoop, gekoop of andersins van die hand gesit word ongeag of sodanige timmerhout in die Republiek gekweek word of in die Republiek ingevoer word.

1.1 *Timmerhout in die Republiek gekweek.*

Saagblokke, fineerblokke, pulphout, mynhout, vuurhoutjiehout, pale, latte en sparre, smelterpale, brandhout aangekoop deur brandhouthandelaars en nywerhede, en timmerhout wat gebruik word vir die vervaardiging van bord:

1.1.1 *Verkry uit eie en/of private bronne:* Vyf en 'n half (5,5) sent per m^3 op timmerhout in die ronde maat.

1.1.2 *Verkry uit Staatsbosse:* Twee (2,0) sent per m^3 op timmerhout in die ronde maat.

1.2 *Timber or timber-derived products imported into the Republic whether in the round, sawn, split, hewn, planed or otherwise fashioned or processed.*

1.2.1 *Imported from countries within the Republican Customs Union or from self-governing Bantu Homelands:* Five and a half (5,5) cents per m³ on timber in the round.

1.2.2 *Imported from other countries:* Five and a half (5,5) cents per m³ on the calculated roundwood equivalent.

2.1 Save timber grown in a State forest, the timber grower shall pay three and a half (3,5) cents per m³ of the levy payable in respect of timber produced in the Republic and the balance of the levy on all this timber, including that purchased from a State forest, that is two (2) cents per m³, shall be paid by the purchaser of timber in the round.

2.2 The person importing timber or products based on timber shall pay the levies prescribed for imported timber.

3. For the purpose of determining the levies payable on timber sold by mass, or the roundwood equivalent of processed products imported into the country, the following conversion factors shall apply:

3.1 *Locally-produced timber.*

3.1.1 *Sawlogs and veneer logs.*

All coniferous species and *Eucalyptus grandis/saligna:* 1 metric ton (wet)=0,94 m³.

Other *Eucalyptus* species and wattle: 1 metric ton (wet)=0,78 m³.

3.1.2 *Pulpwood and timber used for the manufacture of boards.*

All coniferous species: 1 metric ton=1,56 m³.
Eucalyptus grandis/saligna: 1 metric ton=1,47 m³.
Other hardwood species: 1 metric ton=1,25 m³.
Wattle: 1 metric ton=1,19 m³.

3.1.3 *Mining timber.*

Eucalyptus grandis/saligna: 1 metric ton=1,47 m³.
Other *Eucalyptus* species: 1 metric ton=1,25 m³.
Wattle: 1 metric ton=1,19 m³.

3.1.4 *Poles, smelter poles, laths and droppers.*

All species: 1 metric ton=1,56 m³.

3.1.5 *Matchwood:* 1 metric ton (wet)=1,03 m³.

3.1.6 *Firewood.*

All species: 1 metric ton=1,25 m³.

3.2 *Imported timber.*

3.2.1 *Sawn, planed or otherwise fashioned.*

3.2.1.1 *Coniferous species:* 1 m³ of the product represents 1,67 m³ of timber in the round.

3.2.1.2 *Hardwood species:* 1 m³ of the product represents 1,82 m³ of timber in the round.

3.2.2. *Veneer:* 1 m³ of the product represents 1,9 m³ of timber in the round.

3.2.3 *Plywood and blockboard:* 1 m³ of the product represents 2,3 m³ of timber in the round.

3.2.4 *Mechanical woodpulp:* 1 metric ton represents 2,3 m³ of timber in the round.

3.2.5 *Chemical woodpulp:* 1 metric ton represents 4,9 m³ of timber in the round.

3.2.6 *Particle board:* 1 m³ represents 1,6 m³ of timber in the round.

3.2.7 *Paper, all types included in Subchapter 1 of Chapter 48 of the Customs and Excise Act, 1964, as amended, as well as liner board and waste paper:* 1 metric ton represents 7,0 m³ of timber in the round.

3.2.8 *Timber in the round:* Actual volume.

4. The levies prescribed in terms of paragraph 1 shall be collected on behalf of the Forestry Council as follows:

4.1 *Sawlogs and veneer logs.*

By the sawmiller purchasing or converting the sawlogs.

1.2 *Timmerhout of timmerhoutderivate ingevoer in die Republiek, ongeag of dit in die ronde maat, gesaag, gekloof, gekap, geskaaf of op 'n ander wyse bewerk of verwerk is.*

1.2.1 *Ingevoer van lande binne die Republiek se Tolunie of van selfregerende Bantoetuislande:* Vyf en 'n half (5,5) sent per m³ op hout in die ronde maat.

1.2.2 *Ingevoer van ander lande:* Vyf en 'n half (5,5) sent per m³ op die berekende rondehoutekwivalent.

2.1 Uitgenome timmerhout in 'n Staatsbos gekweek, moet die houtkweker drie en 'n halwe (3,5) sent per m³ van die heffing ten opsigte van timmerhout wat in die Republiek gekweek word, betaal en die balans van die heffing op al hierdie timmerhout insluitend dié aangekoop van 'n staatsbos, dit is twee (2) sent per m³ moet deur die koper van die timmerhout in die ronde maat betaal word.

2.2 Die persoon wat timmerhout of timmerhoutderivate invoer moet die heffing voorgeskryf vir ingevoerde timmerhout betaal.

3. Die volgende omsettingsfaktore geld vir die doel om die heffings vas te stel wat betaalbaar is op timmerhout wat per massa verkoop word of op die rondehoutekwivalent van geprosesseerde produkte wat in die land ingevoer word.

3.1 *Plaaslike gekweekte timmerhout.*

3.1.1 *Saag- en fineer blokke.*

Alle keëldraende soorte en *Eucalyptus grandis/saligna:* 1 metrieke ton (nat)=0,94 m³.

Ander *Eucalyptus*-soorte en wattel: 1 metrieke ton (nat)=0,78 m³.

3.1.2 *Pulphout en timmerhout wat gebruik word vir bordvervaardiging.*

Alle keëldraende soorte: 1 metrieke ton=1,56 m³.
Eucalyptus grandis/saligna: 1 metrieke ton=1,47 m³.
Ander loofhoutsoorte: 1 metrieke ton=1,25 m³.
Wattel: 1 metrieke ton=1,19 m³.

3.1.3 *Mynhout.*

Eucalyptus grandis/saligna: 1 metrieke ton=1,47 m³.
Ander *Eucalyptus*-soorte: 1 metrieke ton=1,25 m³.
Wattel: 1 metrieke ton=1,19 m³.

3.1.4 *Pale, smelterpale, latte en spanpaaltjies.*

Alle soorte: 1 metrieke ton=1,56 m³.

3.1.5 *Vuurhoutjiehout:* 1 metrieke ton (nat)=1,03 m³.

3.1.6 *Brandhout.*

Alle soorte: 1 metrieke ton=1,25 m³.

3.2 *Ingevoerde hout.*

3.2.1 *Gesaag, geskaaf of op ander wyse bewerk.*

3.2.1.1 *Keëldraende soorte:* 1 m³ van die produk verteenwoordig 1,67 m³ hout in die rondte maat.

3.2.1.2 *Loofhoutsoorte:* 1 m³ van die produk verteenwoordig 1,82 m³ hout in die ronde maat.

3.2.2 *Fineerhout:* 1 m³ van die produk verteenwoordig 1,9 m³ hout in die ronde maat.

3.2.3 *Laaghout en blokbord:* 1 m³ van die produk verteenwoordig 2,3 m³ hout in die ronde maat.

3.2.4 *Meganiese houtpulp:* 1 metrieke ton verteenwoordig 2,3 m³ hout in die ronde maat.

3.2.5 *Chemiese houtpulp:* 1 metrieke ton verteenwoordig 4,9 m³ hout in die ronde maat.

3.2.6 *Partikelbord:* 1 m³ verteenwoordig 1,6 m³ hout in die ronde maat.

3.2.7 *Papier, alle soorte ingesluit in Subhoofstuk 1 van Hoofstuk 48 van die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, soos gewysig, sowel as dekbord en afvalpapier:* 1 metrieke ton verteenwoordig 7,0 m³ hout in die ronde maat.

3.2.8 *Hout in die ronde maat:* Werklike volume.

4. Die heffings voorgeskryf kragtens paragraaf 1 moet soos volg namens die Bosbouraad ingevorder word:

4.1 *Saag- en fineerblokke.*

Deur die saagmeulenaar wat die blokke aankoop of verwerk.

4.2 *Pulpwood and timber used for the manufacture of boards.*

By the person operating the manufacturing plant procuring the timber.

4.3 *Mining timber.*

By the initial purchaser of the timber in the round.

4.4 *Poles, smelter poles, laths and droppers.*

By the agent, manufacturer or merchant handling the sale of the timber.

4.5 *Matchwood.*

By the person operating the factory converting the timber.

4.6 *Firewood.*

By the agent, merchant or manufacturer handling the sale of the timber.

4.7 *Imported timber and products derived from timber listed in paragraph* 3.2 *of the Annexure.*

By the person importing such timber and products.

5. From 1 April 1974 every merchant, agent or buyer of timber in the round and every sawmiller or processor of timber in the round shall register with the Secretary for Forestry, Private Bag X93, Pretoria, 0001, and such registered persons shall keep a record of all purchases and receipts of timber as per Schedule A. Such persons shall further transmit a copy of the said record on or before the 25th of each month together with the remittance in respect of the levies payable on the said timber to the Secretary, Forestry Council, Private Bag X93, Pretoria, 0001, in respect of timber purchased or received by such sawmiller or processor. Such return must be submitted within sixty (60) days after the 25th of the month during which the timber was purchased or received.

6. As from 1 April 1974 every person importing the products listed in paragraph 3.2 hereof shall register with the Secretary for Forestry, Private Bag X93, Pretoria, 0001, and such registeerd person shall keep a record of all products listed in paragraph 3.2 hereof imported as per Schedule B. Such persons shall further transmit a copy of the said record of imports on or before the 25th of each month together with the remittance in respect of the levies payable on the said imported timber or timber-derived products to the Secretary, Forestry Council, Private Bag X93, Pretoria, 0001, in respect of the timber or timber-derived products imported into the Republic. Such return must be submitted within sixty (60) days after the 25th of the month during which the timber was imported

7. The classes of persons described in paragraph 4 above shall be responsible for collecting the levies and shall deduct the levies payable by timber growers from the amounts due in respect of timber purchased or received by them from such timber grower before making payment to the timber grower in respect of the delivered timber.

8. Cheques in payment of the levies shall be made out to the Forestry Industry Fund.

4.2 *Pulphout en timmerhout wat gebruik word vir bordvervaardiging.*

Deur die persoon in beheer van die verwerkingsinstallasie wat die hout verkry.

4.3 *Mynhout.*

Deur die aanvanklike aankoper van die hout in die ronde maat.

4.4 *Pale, smelterpale, latte en sparre.*

Deur die agent, vervaardiger of handelaar wat die verkoop van die hout hanteer.

4.5 *Vuurhoutjiehout.*

Deur die persoon in beheer van die fabriek wat die hout verwerk.

4.6 *Brandhout.*

Deur die agent, handelaar of verwerker wat die verkoop van die hout hanteer.

4.7 *Ingevoerde hout en produkte van hout gelys in paragraaf* 3.2 *van die Aanhangsel.*

Deur die persoon wat sodanige hout en produkte invoer.

5. Vanaf 1 April 1974, moet elke handelaar, agent of koper van hout in die ronde maat en elke saagmeulenaar of prosesseerder van hout in die ronde maat by die Sekretaris van Bosbou, Privaatsak X93, Pretoria, 0001, registreer en moet die aldus geregistreerde persone rekord hou van alle aankope en ontvangste van hout volgens Bylae A. Sodanige persoon moet voorts 'n afskrif van genoemde rekord voor of op die 25ste van elke maand tesame met die bedrag betaalbaar aan heffings op die hout aan die Sekretaris, Bosbouraad, Privaatsak X93, Pretoria, 0001, stuur ten opsigte van hout aangekoop of ontvang deur die saagmeulenaar of prosesseerder. Sodanige opgaaf moet binne sestig (60) dae na die 25ste van die maand waarin die hout ontvang of aangekoop is, ingedien word.

6. Vanaf 1 April 1974 moet enige persoon wat die produkte gelys in paragraaf 3.2 hierbo invoer, by die Sekretaris van Bosbou, Privaatsak X93, Pretoria, 0001, registreer en sodanige geregistreerde persone moet 'n rekord volgens Bylae B hou van alle produkte gelys in paragraaf 3.2 hierbo wat ingevoer is. Sodanige persone moet voorts 'n afskrif van die betrokke rekord van invoere voor of op die 25ste van elke maand tesame met die bedrag ten opsigte van die heffings betaalbaar op die ingevoerde timmerhout of timmerhoutderivate aan die Sekretaris, Bosbouraad, Privaatsak X93, Pretoria, 0001, stuur ten opsigte van die timmerhout of timmerhoutderivate wat in die Republiek ingevoer is. Sodanige opgaaf moet binne sestig (60) dae na die 25ste van die maand waarin die hout ingevoer is, ingedien word.

7. Die klasse persone beskryf in paragraaf 4 hierbo is verantwoordelik vir die invordering van die heffings en moet die heffing betaalbaar deur houtkwekers aftrek van die bedrae verskuldig aan die houtkweker vir timmerhoutaankope of -ontvangste voordat betaling aan die houtkweker gemaak word vir die gelewerde hout.

8. Tjeks ter betaling van die heffings moet uitgemaak word aan die Bosbounywerheidsfonds.

For. } 18/7/1
Bos. }

SCHEDULE/BYLAE A

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

FORESTRY COUNCIL
BOSBOURAAD

Data supplied by.....of.....
Data verstrek deur (purchaser of timber in the round) van (address)
(koper van hout in die ronde maat) (adres)

MONTHLY PURCHASES AND RECEIPTS OF TIMBER IN THE ROUND for purposes of sawing, cutting, treating, peeling, slicing or processing in the form of logs, poles, pulpwood, firewood and other round sections as they are sawn or cut from dead or living trees.
MAANDELIKSE AANKOPE EN ONTVANGSTE VAN HOUT IN DIE RONDE MAAT vir die doel om dit te saag, te sny, te behandel, te skil, te kerf of te verwerk in die vorm van blokke, pale, pulphout, brandhout en ander ronde seksies soos dit van dooie of lewendige bome gesaag of gesny word.

Solid volume, purchased or received during the calendar month of.....19.....
Soliede volume, aangekoop of ontvang gedurende die kalendermaand

A. OBTAINED FROM OWN AND/OR PRIVATE SOURCES.
VERKRY UIT EIE EN/OF PRIVATE BRONNE.

Category Kategorie	Unit Eenheid	Levy payable Heffing betaalbaar	Coniferous Keëldraend			Non-coniferous Nie-keëldraend		
			Code Kode	Volume	Amount Bedrag	Code Kode	Volume	Amount Bedrag
Sawlogs and logs for sleepers (including small-sized sawlogs) Saagblokke en blokke vir dwarslêers (insluitende kleinmaatsaaghout)	m^3	5,5c/m^3	011			012		
Veneer logs Fineerblokke	m^3	5,5c/m^3	021			022		
Pulpwood (for pulp, paper and board) Pulphout (vir pulp, papier en bord)	metric ton metrieke ton	5,5c/m^3	031			032		
Mining timber Mynhout	metric ton metrieke ton	5,5c/m^3	041			042		
Poles, laths and droppers Pale, latte en spanpaaltjies	m^3	5,5c/m^3	061			062		
Matchwood Vuurhoutjiehout	metric ton metrieke ton	5,5c/m^3	051			052		
Fuelwood (including wood for charcoal) Brandhout (insluitende hout vir houtskool)	metric ton metrieke ton	5,5c/m^3	071			072		
		Totals/Totale..						

B. OBTAINED FROM STATE FORESTS.
VERKRY UIT STAATSBOSSE.

Category Kategorie	Unit Eenheid	Levy payable Heffing betaalbaar	Coniferous Keëldraend			Non-coniferous Nie-keëldraend		
			Code Kode	Volume	Amount Bedrag	Code Kode	Volume	Amount Bedrag
Sawlogs and logs for sleepers (including small-sized sawlogs) Saagblokke en blokke vir dwarslêers (insluitende kleinmaatsaaghout)	m^3	2,0c/m^3	013			014		
Veneer logs Fineerblokke	m^3	2,0c/m^3	023			024		
Pulpwood (for pulp, paper and board) Pulphout (vir pulp, papier en bord)	metric ton metrieke ton	2,0c/m^3	033			034		
Mining timber Mynhout	metric ton metrieke ton	2,0c/m^3	043			044		
Poles, laths and droppers Pale, latte en spanpaaltjies	m^3	2,0c/m^3	063			064		
Matchwood Vuurhoutjiehout	metric ton metrieke ton	2,0c/m^3	053			054		
Fuelwood (including wood for charcoal) Brandhout (insluitende hout vir houtskool)	metric ton metrieke ton	2,0c/m^3	073			074		
		Totals/Totale..						

Completed return to be sent to:

The Secretary
Forestry Council
Private Bag X93
Pretoria
0001

Voltooide opgaaf moet gestuur word aan:

Die Sekretaris
Bosbouraad
Privaatsak X93
Pretoria
0001

I hereby certify that the particulars as given by me in this return are correct to the best of my knowledge and belief. Enclosed please find my cheque in settlement of the levies payable in respect of the timber handled by me as per this return.

Ek sertifiseer hierby dat die besonderhede in hierdie opgaaf deur my verstrek, na die beste van my wete en vertroue korrek is. Vind asseblief ingesluit my tjek vir betaling van die heffings betaalbaar ten opsigte van die hout wat volgens die opgaaf deur my gehanteer is.

Date.....
Datum

Signature.....
Handtekening (Proprietor, manager or secretary)
(Eienaar, bestuurder of sekretaris)

Place.....
Plek

Registration No.....
Registrasie No.

Enquiries: Name.....
Navrae: Naam

Telephone.....
Telefoon

Conversion factors:
Omsettingsfaktore:

Sawlogs Saagblokke	coniferous keëldraend	1 m ton (wet) (nat)	0,94 m^3
	saligna	1 m ton (wet) (nat)	0,94 m^3
	other *Eucalyptus* species ander *Eucalyptus*-soorte	1 m ton (wet) (nat)	0,78 m^3
Mining timber Mynhout	*saligna*	1 m ton	1,47 m^3
	other *Eucalyptus* species ander *Eucalyptus*-soorte	1 m ton	1,25 m^3
	wattle wattel	1 m ton	1,19 m^3

Pulpwood Pulphout	coniferous	1 m ton	1,56 m³
	keëldraend *saligna*	1 m ton	1,47 m³
	other *Eucalyptus* species ander *Eucalyptus*-soorte	1 m ton	1,25 m³
	wattle wattel	1 m ton	1,25 m³
Matchwood Vuurhoutjiehout		1 m ton (wet) (nat)	1,03 m³
Firewood Brandhout		1 m ton	1,25 m³
Poles, laths and droppers Pale, latte en spanpaaltjies		1 m ton	1,56 m³
Telephone and transmission poles Telefoon- en kraglynpale		1 m ton	1,25 m³

For. } 18/7/2
Bos.

SCHEDULE/BYLAE B

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

FORESTRY COUNCIL
BOSBOURAAD

Data supplied by..... of.....
Data verstrek deur (importer/invoerder) van (address/adres)

MONTHLY IMPORTS OF TIMBER, WOODPULP, PAPER AND PAPER PRODUCTS
MAANDELIKSE INVOERE VAN HOUT, HOUTPULP, PAPIER EN PAPIERPRODUKTE

Solid volume in terms of roundwood equivalent imported during the calendar month of.....19.....
Soliede volume uitgedruk in die rondehoutekwivalent ingevoer gedurende die kalendermaand

Product Produk	Unit Eenheid	Levy payable calculated on roundwood equivalent Heffing betaalbaar bereken op die rondehoutekwivalent							
		Levy payable Heffing betaalbaar	From countries within Customs Union and self-governing Bantu Homelands Vanaf lande binne die Tolunie en selfregerende Bantoetuislande			All other countries Alle ander lande			
			Code Kode	Quantity Hoeveelheid	Amount Bedrag	Code Kode	Quantity Hoeveelheid	Amount Bedrag
Sawlogs and logs for sleepers	m³	5,5c/m³	015			016		
Saagblokke en blokke vir dwarslêers Veneer logs	m³	5,5c/m³	025			026		
Fineerblokke Matchwood	metric ton	5,5c/m³	055			056		
Vuurhoutjiehout Timber, sawn or planed or otherwise fashioned	metrieke ton m³	5,5c/m³	085			086		
Hout, gesaag of geskaaf of op 'n ander wyse bewerk Mining timber	metric ton	5,5c/m³	045			046		
Mynhout Poles, laths and droppers	metrieke ton m³	5,5c/m³	065			066		
Pale, latte en spanpaaltjies Woodpulp	metric ton	5,5c/m³	095			096		
Houtpulp Pulpwood	metrieke ton metric ton	5,5c/m³	035			036		
Pulphout Veneer	metrieke ton m³	5,5c/m³	105			106		
Fineerhout Plywood (including blockboard)	m³	5,5c/m³	115			116		
Laaghout (insluitende blokbord) Fibreboard (hardboard and insulating board)	m³	5,5c/m³	125			126		
Veselbord (harde en isoleerbord) Particle board (chipboard)	m³	5,5c/m³	135			136		
Partikelbord (spaanderbord) Paper and paperboard	metric ton	5,5c/m³	145			146		
Papier en papierbord Products manufactured from paper and paperboard	metrieke ton metric ton	5,5c/m³	155			156		
Produkte vervaardig uit papier en papierbord Other (specify)/Ander (spesifiseer)	metrieke ton	5,5c/m³	165			166		
		Totals/Totale..						

Completed return to be sent to:

The Secretary
Forestry Council
Private Bag X93
Pretoria
0001

Voltooide opgaaf moet gestuur word aan:

Die Sekretaris
Bosbouraad
Privaatsak X93
Pretoria
0001

I hereby certify that the particulars as given by me in this return are correct to the best of my knowledge and belief. Enclosed please find my cheque in settlement of the levies payable in respect of the timber handled by me as per this return.

Ek sertifiseer hierby dat die besonderhede in hierdie opgaaf deur my verstrek, na die beste van my wete en vertroue korrek is. Vind asseblief ingesluit my tjek vir betaling van die heffings betaalbaar ten opsigte van die hout wat volgens die opgaaf deur my gehanteer is.

Date..... Signature.....
Datum Handtekening (Proprietor, manager or secretary)
Place..... (Eienaar, bestuurder of sekretaris)
Plek

Registration No..... Enquiries: Naam.....Telephone.....
Registrasie No. Navrae: Naam Telefoon

Conversion factors:
Omsettingsfaktore:

Sawlogs..... Saagblokke	coniferous..... keëldraend	1 m ton (wet) (nat)	0,94 m³
	saligna.....	1 m ton (wet) (nat)	0,94 m³
	other *Eucalyptus* species ander *Eucalyptus*-soorte	1 m ton (wet) (nat)	0,78 m³
Mining timber..... Mynhout	*saligna*.....	1 m ton	1,47 m³
	other *Eucalyptus* species ander *Eucalyptus*-soorte	1 m ton	1,25 m³
	wattle..... wattel	1 m ton	1,19 m³
Pulpwood..... Pulphout	coniferous..... keëldraend	1 m ton	1,56 m³
	saligna.....	1 m ton	1,47 m³
	other *Eucalyptus* species ander *Eucalyptus*-soorte	1 m ton	1,25 m³
	wattle..... wattel	1 m ton	1,25 m³
Matchwood..... Vuurhoutjiehout		1 m ton (wet) (nat)	1,03 m³
Firewood..... Brandhout		1 m ton	1,25 m³
Poles, laths and droppers..... Pale, latte en spanpaaltjies		1 m ton	1,56 m³
Telephone and transmission poles..... Telefoon- en kraglynpale		1 m ton	1,25 m³

	Unit imported Eenheid ingevoer	*Equivalent of timber in the round Rondehoutekwivalent*
Sawn, planed or otherwise fashioned: Gesaag, geskaaf of op ander wyse bewerk:		
Coniferous species..... Keëldraende soorte	1m³	1,67 m³
Hardwood species..... Loofhoutsoorte	1 m³	1,82 m³
Veneer..... Fineerhout	1 m³	1,90 m³
Plywood and blockboard..... Laaghout en blokbord	1 m³	2,30 m³
Mechanical wood pulp..... Meganiese houtpulp	1 metric ton metrieke ton	2,30 m³
Chemical woodpulp..... Chemiese houtpulp	1 metric ton metrieke ton	4,9 m³
Particle board..... Partikelbord	1 metric ton metrieke ton	4,9 m³
Paper, newsprint, kraft paper, liner board and waste paper..... Papier, koerantpapier, kraftpapier, dekbord en afvalpapier	1 metric ton metrieke ton	7,0 m³

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 801 10 May 1974

ALIENS ACT, 1937.—CHANGE OF SURNAME —HOARE TO CHAPMAN

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise John Douglas Hoare and his wife Elizabeth Ann, born Wright, residing at 13 Fairbairn Street, Rynfield, Benoni, to assume the surname of Chapman.

No. 802 10 May 1974

ALIENS ACT, 1937.—CHANGE OF SURNAME— ISMAIL TO NATHA

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Moosa Ismail, residing at Room 32, Men's Residence 3D, Private Bag 4001, Durban, to assume the surname of Natha.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 801 10 Mei 1974

WET OP VREEMDELINGE, 1937.—VANSVERANDERING—HOARE IN CHAPMAN

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), John Douglas Hoare en sy eggenote Elizabeth Ann, gebore Wright, woonagtig te Fairbairnstraat 13, Rynfield, Benoni, te magtig om die van Chapman aan te neem.

No. 802 10 Mei 1974

WET OP VREEMDELINGE, 1937.—VANSVERANDERING—ISMAIL IN NATHA

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Moosa Ismail, woonagtig te Kamer 32, Men's Residence 3D, Privaatsak 4001, Durban, te magtig om die van Natha aan te neem.

No. 809 10 May 1974

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, No. 26 OF 1963, READ WITH CUSTOMS AND EXCISE ACT, No. 91 OF 1964.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND/OR OBJECTS—LIST B346

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, No. 26 of 1963, read with subsection (3) of section 113 of the Customs and Excise Act, No. 91 of 1964, declared that the undermentioned publications and/or objects are undesirable:

Publications/Publikasies

1. *Book of Love, The*—Dr. David Delvin. Published by/Gepubliseer deur New English Library, London.
2. *Eduardo Mondlane.* Published by/Gepubliseer deur Panaf Books Ltd., London.
3. *Executioner, The: Assault on Soho*—Don Pendleton. Published by/Gepubliseer deur Corgi Books, London.
4. *Executioner, The: Nightmare in New York*—Don Pendleton. Published by/Gepubliseer deur Corgi Books, London.
5. *Marksman* 3, *The: Kill Them All*—Frank Scarpetta. Published by/Gepubliseer deur Belmont Tower Books, New York.

No. 809 10 Mei 1974

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, No. 26 VAN 1963, GELEES SAAM MET DOEANE- EN AKSYNSWET, No. 91 VAN 1964.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN/OF VOORWERPE—LYS B346

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, No. 26 van 1963, gelees saam met subartikel (3) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, No. 91 van 1964, beslis dat die onderstaande publikasies en/of voorwerpe ongewens is:

6. *Phreak-Out!*—Carter Brown. Signet Book. Published by/Gepubliseer deur New American Library Inc., New Jersey.

7. *Professional, The*—Edwin Fadiman, Jr. Published by/Gepubliseer deur W. H. Allen & Co. Ltd., London.

8. *Soft in the Middle*—Michael (Mike) Storey. Published by/Gepubliseer deur Arrow Books, London.

9. *Still More Playboy's Party Jokes.* Published by/Gepubliseer deur Playboy Press, Chicago.

10. *Women and Madness*—Phyllis Chesler. Published by/Gepubliseer deur Allen Lane, London.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 791 10 May 1974

ESTABLISHMENT OF A COURT AT KEI MOUTH, DISTRICT OF KOMGA

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (1) (h) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), I, James Thomas Kruger, appoint Kei Mouth as a place for the holding of a court in addition to Komga, the seat of magistracy.

J. T. KRUGER, Deputy Minister of Justice.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 791 10 Mei 1974

INSTELLING VAN 'N HOF OP KEI MOUTH, DISTRIK KOMGA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (1) (h) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), bepaal ek, James Thomas Kruger, Kei Mouth as 'n plek, benewens Komga, die landdrossetel, waar hofsittings gehou kan word.

J. T. KRUGER, Adjunk-minister van Justisie.

DEPARTMENT OF LABOUR

No. 793 10 May 1974

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED

NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE DIAMOND CUTTING INDUSTRY.—VESTING OF POWERS

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 8 (1) (d) of the above-mentioned Act, amend Government Notice 779 of 22 May 1970, as amended by Government Notices 1984 of 13 November 1970, 826 of 21 May 1971, 2092 of 19 November 1971, 848 of 19 May 1972, 2122 of 20 November 1972 and 827 of 18 May 1973, by extending the period for which the powers and functions of the above-mentioned Committee have been vested in the Administrative Control Officer, Labour Relations, on the staff of the Divisional Inspector of Labour, Johannesburg, by a period of three years.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. 798 10 May 1974

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1966

APPOINTMENT OF CLAIMS OFFICERS

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 26 of the Unemployment Insurance Act, 1966 (Act 30 of 1966), appoint the officers whose names appear in Schedule A hereto as claims officers with jurisdiction in the areas specified therein.

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 793 10 Mei 1973

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG

NASIONALE KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE DIAMANTSLYPNYWERHEID. — OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende ingevolge artikel 8 (1) (d) van bogemelde Wet, wysig hierby Goewermentskennisgewing 779 van 22 Mei 1970, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 1984 van 13 November 1970, 826 van 21 Mei 1971, 2092 van 19 November 1971, 848 van 19 Mei 1972, 2122 van 20 November 1972 en 827 van 18 Mei 1973, deur die tydperk waarvoor die bevoegdhede en werksaamhede van bogemelde Komitee aan die Administratiewe Beheerbeampte, Arbeidsverhoudings, op die personeel van die Afdelingsinspekteur van Arbeid, Johannesburg, oorgedra is, met drie jaar te verleng.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. 798 10 Mei 1974

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1966

AANSTELLING VAN EISEBEAMPTES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, stel hierby kragtens artikel 26 van die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (Wet 30 van 1966), die beamptes wie se name in Bylae A hiervan voorkom as eisebeamptes aan met regsbevoegdheid in die gebiede wat daarin genoem word,

The appointment as claims officers of the persons whose names appear in Schedule B is hereby withdrawn.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE A

Names of officers	*Area of jurisdiction*
1. Jacobus Andries Cornelius Weideman 2. Orpa Eksteen	The Magisterial Districts of Alberton, Amersfoort, Balfour, Benoni, Bethal, Bloemhof, Boksburg, Brakpan, Christiana, Coligny, Delareyville, Delmas, Ditsobotla, Ermelo, Germiston, Heidelberg (Tvl), Heilbron, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Lichtenburg, Nigel, Oberholzer, Parys, Piet Retief, Potchefstroom, Randfontein, Roodepoort, Sasolburg, Schweizer-Reneke, Springs, Standerton, Vanderbijlpark, Ventersdorp, Vereeniging, Volksrust, Vredefort, Wakkerstroom, Westonaria and Wolmaransstad.

SCHEDULE B

1. Petrus Auret Louw.
2. Frans Alarance van der Walt.

No. 800 10 May 1974

WAGE ACT, 1957

CATERING TRADE, SMALLER TOWN

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned trade and hereby gives notice in terms of section 9 of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course submit a report and recommendation to the Minister of Labour concerning the Catering Trade, Smaller Towns.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag X108, Pretoria, 0001 not later than 10 June 1974.

The reference reads as follows:

The Minister of Labour requests the Wage Board in terms of section 4 of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the Catering Trade in the following areas:

Cape Province.—The municipal areas of Aliwal North, Beaufort West, Burgersdorp, Caledon, Ceres, Cradock, Despatch, De Aar, Durbanville, George, Gordon's Bay, Graaff-Reinet, Grahamstown, Hermanus, King William's Town, Knysna, Kokstad, Kraaifontein, Kuilsriver, Kuruman, Mafeking, Malmesbury, Middelburg, Montagu, Mossel Bay, Oudtshoorn, Paarl, Queenstown, Riversdale, Robertson, Somerset East, Somerset West, Stellenbosch, Strand, Swellendam, Uitenhage, Upington, Vryburg, Wellington and Worcester;

Natal.—The municipal areas or town board areas, as the case may be, of Dundee, Estcourt, Glencoe, Ladysmith, Newcastle and Vryheid;

Orange Free State.—The municipal areas or village board of management areas, as the case may be, of Bethlehem, Ficksburg, Harrismith, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Odendaalsrus, Parys, Senekal and Virginia;

Transvaal.—The municipal areas, village council areas, health committee areas or local area committee areas of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, as the case may be, of Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Evander, Groblersdal, Heidelberg, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Meyerton, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Phalaborwa, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rensburg, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Standerton, Tzaneen, Volksrust, Warmbaths, Waterval Boven, Witbank, White River, Wolmaransstad and Zeerust.

Die aanstelling as eisebeamptes van die persone wie se name in Bylae B voorkom, word hierby herroep.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE A

Name van beamptes	*Regsgebied*
1. Jacobus Andries Cornelius Weideman 2. Orpa Eksteen	Die landdrosdistrikte Alberton, Amersfoort, Balfour, Benoni, Bethal, Bloemhof, Boksburg, Brakpan, Christiana, Coligny, Delareyville, Delmas, Ditsobotla, Ermelo, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Heilbron, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Lichtenburg, Nigel, Oberholzer, Parys, Piet Retief, Potchefstroom, Randfontein, Roodepoort, Sasolburg, Schweizer-Reneke, Springs, Standerton, Vanderbijlpark, Ventersdorp, Vereeniging, Volksrust, Vredefort, Wakkerstroom, Westonaria en Wolmaransstad.

BYLAE B

1. Petrus Auret Louw.
2. Frans Alarance van der Walt.

No. 800 10 Mei 1974

LOONWET, 1975

VERVERSINGSBEDRYF, KLEINER DORPE

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde bedryf ontvang en gee hierby kragtens artikel 9 van die Loonwet, 1957, kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd 'n verslag en 'n aanbeveling by die Minister van Arbeid sal indien oor die Verversingsbedryf, Kleiner Dorpe.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Sodanige vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak X108, Pretoria, 0001, nie later nie as 10 Junie 1974 bereik.

Die opdrag lui soos volg:

Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel 4 van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die Verversingsbedryf, in die volgende gebiede:

Kaapprovinsie.—Die munisipale gebiede van Aliwal-Noord, Beaufort-Wes, Burgersdorp, Caledon, Ceres, Cradock, Despatch, De Aar, Durbanville, George, Gordonsbaai, Graaff-Reinet, Grahamstad, Hermanus, King William's Town, Knysna, Kokstad, Kraaifontein, Kuilsrivier, Kuruman, Mafeking, Malmesbury, Middelburg, Montagu, Mosselbaai, Oudtshoorn, Paarl, Queenstown, Riversdal, Robertson, Somerset-Oos, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Swellendam, Uitenhage, Upington, Vryburg, Wellington en Worcester;

Natal.—Die munisipale of dorpsbestuursgebiede, na gelang van die geval, van Dundee, Estcourt, Glencoe, Ladysmith, Newcastle en Vryheid;

Oranje-Vrystaat.—Die munisipale gebiede of dorpsbestuursgebiede, na gelang van die geval, van Bethlehem, Ficksburg, Harrismith, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Odendaalsrus, Parys, Senekal en Virginia;

Transvaal.—Die munisipale gebiede, dorpsraadgebiede, gesondheidskomiteegebiede of plaaslike gebiedskomiteegebiede van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, na gelang van die geval, van Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Evander, Groblersdal, Heidelberg, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Meyerton, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Phalaborwa, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rensburg, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Standerton, Tzaneen, Volksrust, Warmbad, Waterval-Boven, Witbank, Witrivier, Wolmaransstad en Zeerust.

For the purpose of this investigation the Minister directs that the investigation be in respect of all classes of employees in this Trade.

In terms of section 6 (1) of the Act, the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference "Catering Trade" means the Trade in which employers and employees are associated wholly or mainly for the purposes of preparing, serving or providing meals or refreshments (whether liquid or otherwise) or both such meals and refreshments in or from any establishment or portion thereof, whether permanent, temporary, indoors or in the open air, and this includes such activities when carried on in or from one or more classes of premises or portions thereof—

(a) which are used as public restaurants, café's or tearooms;

(b) where meals or non-alcoholic drinks are served for consumption on the premises or provided for consumption away from the premises;

(c) where aerated or mineral waters are supplied in glasses or other containers for consumption on the premises;

(d) where the above-mentioned activities are carried on in or in connection with any theatre, bioscope, bioscope-tearoom or any other entertainment or function;

and also includes the supply of liquor in any such establishments or on any such premises in terms of a liquor licence under the Liquor Act, 1928, held by such employers, but it does not include hotels, establishments trading exclsively under a wine and malt liquor licence, boarding-houses accommodation establishments, establishments in which meals or refreshments are sold or supplied to persons other than Whites for consumption on the premises or establishments which cater solely for the supply of meals or refreshments to Non-Whites;

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Minister opdrag dat die ondersoek ten opsigte van alle klasse werknemers in hierdie Bedryf ingestel word.

Ooreenkomstig artikel 6 (1) van die Wet gee die Minister voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken "Verversingsbedryf" die Bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is uitsluitlik of hoofsaaklik met die doel om etes of verversings (hetsy in die vorm van vloeistowwe of in ander vorms) of beide sodanige etes en verversings te berei en of dit te bedien of te verskaf in of vanuit enige bedryfsinrigting of gedeelte daarvan, hetsy permanent, tydelik, binnens- of buitenshuis, en dit sluit sodanige bedrywighede in wanneer dit uitgeoefen word in of vanuit een of meer klass persele of gedeeltes daarvan—

(a) wat as openbare restaurante, kafees, of teekamers gebruik word;

(b) waar etes of alkoholvrye dranke bedien word vir gebruik op die perseel of verskaf word vir gebruik weg van die perseel;

(c) waar spuit- of mineraalwater in drinkglase of ander houers vir gebruik op die perseel verskaf word;

(d) waar bogenoemde bedrywighede uitgeoefen word in of in verband met enige teater, bioskoop, bioskoop-teekamer of ander onthaal of funksie;

en sluit ook in die verskaffing van alkoholiese drank in al sulke bedryfsinrigtings of op sulke persele ooreenkomstig 'n dranklisensie wat ingevolge die Drankwet, 1928, deur sulke werkgewers gehou word, maar dit sluit nie in nie hotelle, bedryfsinrigtings wat uitsluitlik kragtens 'n wyn- en bierlisensie handel dryf, losieshuise, huisvestigingsinrigtings, bedryfinrigtings waarin etes of verversings aan ander persone as Blankes vir gebruik op die perseel verkoop of verskaf word of bedryfsinrigtings wat uitsluitlik etes of verversings aan Nie-Blankes verskaf;

en omvat dit alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 794 10 May 1974

EDUCATIONAL SERVICES ACT, 1967.—DECLARATION OF INSTITUTION TO BE A SUBSIDISED SCHOOL

The Minister of National Education has, under and by virtue of the powers vested in him by section 5 (1) of the Educational Services Act, 1967 (Act 41 of 1967), declared the Technical Institute, Pretoria West, to be a subsidised school.

No. 803 10 May 1974

BUREAU OF HERALDRY

NOTICE OF THE REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION

HERALDRY ACT, ACT 18 OF 1962

The following heraldic representation has been registered with the Bureau of Heraldry, Private Bag X236, Pretoria, in terms of section 8 (3) of the Heraldry Act, No. 18 of 1962.

H4/3/1/2347.—The arms of the Hoërskool Cradock, as published under Government Notice 2457 of 21 December 1973.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 794 10 Mei 1974

WET OP ONDERWYSDIENSTE, 1967.—VERKLARING VAN INRIGTING TOT 'N ONDERSTEUNDE SKOOL

Die Minister van Nasionale Opvoeding het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) van die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet 41 van 1967), die Tegniese Instituut, Pretoria-Wes, tot 'n ondersteunde skool verklaar.

No. 803 10 Mei 1974

BURO VIR HERALDIEK

KENNISGEWING VAN DIE REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING

HERALDIEKWET, WET 18 VAN 1962

Ondergemelde heraldiese voorstelling is ingevolge artikel 8 (3) van die Heraldiekwet, No. 18 van 1962, by die Buro vir Heraldiek, Privaatsak X236, Pretoria, geregistreer.

H4/3/1/2347.—Die wapen van die Hoërskool Cradock, soos by Goewermentskennisgewing 2457 van 21 Desember 1973 gepubliseer.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 807 10 May 1974

APPOINTMENT OF MINISTERS AND DEPUTY MINISTERS

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by sections 20 and 21 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to approve, with effect from 1 May 1974, of the following appointments:

Ministers

(a) The Honourable S. L. Muller as Minister of Transport;

(b) The Honourable O. P. F. Horwood as Minister of Economic Affairs;

(c) The Honourable J. C. Heunis as Minister of Indian Affairs and of Tourism; and

(d) The Honourable J. T. Kruger as Minister of Justice, of Police and of Prisons.

Deputy Ministers

(a) Mr H. H. Smit, M.P., as Deputy Minister of Social Welfare and Pensions and of Coloured Relations and Rehoboth Affairs; and

(b) Mr W. A. Cruywagen, M.P., as Deputy Minister of the Interior.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 792 10 May 1974

REGULATIONS FRAMED IN TERMS OF PARAGRAPHS (f), (g) AND (h) OF SECTION 70 OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956)

The Minister of Water Affairs has, under the powers vested in him by section 70 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), made the following regulations in respect of advisory committees for Government water works, Government water control areas, subterranean water control areas, catchment control areas and catchment areas:

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"duly authorised representative" means any person who superintends activities on or exercises control over a property in respect of which the owner is entitled to abstract and use water from a Government water work, a stream or natural channel or subterranean water within the Government water control area, subterranean water control area, catchment control area or catchment area concerned, irrespective of whether such supervision or control is exercised for his own benefit or not, and to whom authority to represent the owner has been granted in writing by the owner.

"Act" means the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended;

"Secretary" means the Secretary for Water Affairs or his duly authorised representative;

"officer in charge" means the officer appointed by the Secretary to conduct a nomination meeting or in the case of a Government water work, the officer appointed by the Secretary to administer such work;

and any expression to which a meaning has been assigned in the Act bears, where used in these regulations, the same meaning.

PART A.—THE MANNER IN WHICH THE PERSONS REFERRED TO IN SECTION 68 (2) (a) SHALL BE NOMINATED

2.1 If the Minister deems it advisable that an advisory committee be constituted in terms of section 68 of the Act in respect of any Government water work, Government water control area, subterranean water control area, catch-

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 807 10 Mei 1974

AANSTELLING VAN MINISTERS EN ADJUNK-MINISTERS

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 20 en 21 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, die onderstaande aanstellings, met ingang van 1 Mei 1974, goed te keur:

Ministers

(a) Sy Edele S. L. Muller as Minister van Vervoer;

(b) Sy Edele O. P. F. Horwood as Minister van Ekonomiese Sake;

(c) Sy Edele J. C. Heunis as Minister van Indiërsake en van Toerisme; en

(d) Sy Edele J. T. Kruger as Minister van Justisie, van Polisie en van Gevangenisse.

Adjunk-ministers

(a) Mnr. H. H. Smit, L.V., as Adjunk-minister van Volkswelsyn en Pensioene en van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede; en

(b) Mnr. W. A. Cruywagen, L.V., as Adjunk-minister van Binnelandse Sake.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 792 10 Mei 1974

REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS PARAGRAWE (f), (g) EN (h) VAN ARTIKEL 70 VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956)

Die Minister van Waterwese het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 70 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), die volgende regulasies uitgevaardig ten opsigte van adviserende komitees vir Staatswaterwerke, Staatswaterbeheergebiede, ondergrondsewaterbeheergebiede, opvangbeheergebiede en opvanggebiede:

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"behoorlik gemagtigde verteenwoordiger" enige persoon wat toesig hou oor bedrywighede op of beheer uitoefen oor eiendom ten opsigte waarvan die eienaar geregtig is om water uit 'n Staatswaterwerk of uit 'n stroom of 'n natuurlike bedding of ondergrondse water binne die betrokke Staatswaterbeheergebied, ondergrondsewaterbeheergebied, opvangbeheergebied of opvanggebied te neem en te gebruik, ongeag of sodanige toesig of beheer vir eie voordeel uitgeoefen word al dan nie, en wat skriftelik deur die eienaar gemagtig is om hom te verteenwoordig;

"Wet" die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig;

"Sekretaris" die Sekretaris van Waterwese of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger;

"beampte in bevel" die beampte aangestel deur die Sekretaris om 'n nominasievergadering te lei of, in die geval van 'n Staatswaterwerk, die beampte aangestel deur die Sekretaris om sodanige werk te administreer;

en het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word.

DEEL A.—DIE MANIER WAAROP PERSONE WAT IN ARTIKEL 68 (2) (a) GENOEM WORD, GENOMINEER WORD

2.1 Indien die Minister dit raadsaam ag dat 'n adviserende komitee kragtens artikel 68 van die Wet ten opsigte van enige Staatswaterwerk, Staatswaterbeheergebied, ondergrondsewaterbeheergebied, opvangbeheer-

ment control area or catchment area, he shall determine a date, time and place for the nomination of members of such a committee.

2.2 The Secretary may divide the Government water control area, subterranean water control area, catchment control area or catchment area concerned into as many wards as he may deem fit.

2.3 The Secretary shall compile a list containing the names of all persons entitled to abstract and use water from the Government water work concerned or from a public stream or natural channel within the Government water control area, catchment control area or catchment area concerned or subterranean water within the subterranean water control area concerned and the names of their authorised representatives, if any, and shall send a written notice by post not less than 30 days before the date determined in terms of subregulation (1) to all such persons or their authorised representatives or publish a notice in the *Government Gazette* and in local newspapers specifying the date, time and place determined in terms of subregulation (1), as well as the number of vacancies on the advisory commitee, and if such an area has been divided into wards, the number of vacancies in each ward.

3.1 On the date and at the time and place specified the officer in charge shall call for nominations to fill the vacancies and shall ensure that the names of the nominated persons appear on the list referred to in regulation 2 (3) and that these persons are nominated and seconded only by persons whose names appear on the said list: Provided that where an area has been divided intowards, only persons whose names appear on the aforesaid list in respect of a particular ward may be nominated as members for that ward by persons whose names appear on the aforesaid list for the same ward.

3.2 The officer in charge may at any time during the course of a nomination meeting adjourn the proceedings at his own discretion or upon a properly seconded proposal for such period as he may deem fit.

4. After the nomination meeting, the officer in charge shall forward the names of the nominated persons to the Secretary for submission to the Minister, accompanied by a certificate that the nominated persons are prepared to serve on the committee if appointed, and after the Minister has appointed the persons to fill the vacancies for which nominations were called for and for such periods as he may determine, the officer in charge shall advise the persons concerned in writing of their appointment as members of the advisory committee and of their respective periods of office.

5. The number of persons nominated on the nomination date may be greater than the number of vacancies for which nominations are called for, and in such event the Minister shall select from the list of nominated persons such number of members as are required.

6. All subsequent vacancies occurring on an advisory committee in respect of members to be elected in terms of section 68 (2) (a) of the Act, shall be filled in the same manner as hereinbefore provided.

PART B.—THE CALLING AND CONDUCT OF MEETINGS OF AN ADVISORY COMMITTEE REFERRED TO IN SECTION 68 AND THE QUORUM FOR AND THE PROCEDURE AT SUCH MEETINGS

7. The members of an advisory committee shall as soon as is practicable after the committee is first constituted, elect a vice-chairman of the committee.

8. A vice-chairman elected as aforesaid shall hold office for a period of 12 months from the date of his election and shall be eligible for re-election: Provided that a vice-

gebied of opvanggebied saamgestel word, bepaal hy 'n datum, tyd en plek vir die nominasie van lede van so 'n komitee.

2.2 Die Sekretaris kan die betrokke Staatswaterbeheergebied, ondergrondsewaterbeheergebied, opvangbeheergebied of opvanggebied in soveel wyke verdeel as wat hy dienstig ag.

2.3 Die Sekretaris stel 'n lys op van die name van alle persone wat geregtig is op die uitneem en gebruik van water uit die betrokke Staatswaterwerk of uit 'n openbare stroom of natuurlike bedding binne die betrokke Staatswaterbeheergebied, opvangbeheergebied of opvanggebied, of van ondergrondse water binne die betrokke ondergrondsewaterbeheergebied, en die name van hul gemagtigde verteenwoordigers, as daar is, en stuur 'n skriftelike kennisgewing per pos minstens 30 dae voor die datum kragtens subregulasie (1) bepaal aan alle sodanige persone of hulle gemagtigde verteenwoordigers, of publiseer 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en in plaaslike nuusblaaie waarin die datum, tyd en plek kragtens subregulasie (1) bepaal, aangedui word, asook die getal vakatures in die adviserende komitee en, waar so 'n gebied in wyke verdeel is, die getal vakatures in elke wyk.

3.1 Op die datum, tyd en plek aangedui, vra die beampte in bevel nominasies vir die vakatures en verseker hy dat die genomineerde persone se name op die lys in regulasie 2 (3) vermeld, verskyn en dat hierdie persone genomineer en geskondeer word slegs deur persone wie se name op die lys verskyn: Met dien verstande dat waar 'n gebied in wyke verdeel is, slegs persone wie se name op vermelde lys ten opsigte van 'n bepaalde wyk verskyn, as lede vir daardie wyk genomineer kan word deur persone wie se name op vermelde lys ten opsigte van dieselfde wyk verskyn.

3.2 Die beampte in bevel kan te eniger tyd gedurende die verloop van 'n nominasievergadering volgens sy eie diskresie of op 'n behoorlik gesekondeerde voorstel die verrigtinge verdaag vir 'n tydperk wat hy nodig ag.

4. Na afloop van die nominasievergadering stuur die beampte in bevel die name van die genomineerde persone aan die Sekretaris vir voorlegging aan die Minister, vergesel van 'n sertifikaat dat die genomineerde persone bereid is om in die komitee te dien indien hulle aangestel word, en nadat die Minister die persone aangestel het om die vakatures waarvoor nominasies gevra is te vul vir die tydperke wat hy bepaal, stel die beampte in bevel die betrokke persone skriftelik in kennis van hulle aanstelling as lede van die adviserende komitee en van hulle onderskeie ampstermyne.

5. Die getal persone genomineer op die nominasiedatum kan meer wees as die getal vakatures waarvoor nominasies gevra word, en in so 'n geval kies die Minister uit die lys van genomineerde persone die getal lede wat nodig is.

6. Alle daaropvolgende vakatures wat in 'n adviserende komitee ontstaan ten opsigte van lede wat gekies moet word ingevolge artikel 68 (2) (a) van die Wet, word op dieselfde manier as tevore hierin gemeld, aangevul.

DEEL B.—DIE BYEENROEPING EN HOU VAN VERGADERINGS VAN 'N ADVISERENDE KOMITEE IN ARTIKEL 68 GENOEM, EN DIE KWORUM VIR EN DIE PROSEDURE OP SODANIGE VERGADERINGS

7. Die lede van 'n adviserende komitee kies, sodra doenlik nadat die komitee die eerste keer saamgestel is, 'n vise-voorsitter vir die komitee.

8. 'n Vise-voorsitter gekies soos voormeld, beklee die amp vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van sy verkiesing en is herkiesbaar: Met dien verstande dat

chairman whose period of office has expired shall, as long as he is a member of the committee in question, remain in office until the next succeeding meeting of such committee.

9. An advisory committee shall annually elect a vice-chairman of the committee and if such vice-chairman dies or otherwise vacates his office, the committee shall forthwith elect another vice-chairman for the remainder of the period in respect of which the office has become vacant.

10. In the absence of the chairman from any meeting of the commitee, the vice-chairman shall preside thereat and if the vice-chairman is also absent from such meeting, the members of the committee who are present thereat shall elect one of their number to preside at the said meeting.

11. The members of an advisory committee shall appoint one of their number to act as secretary of the committee: Provided that where an officer of the Department is *ex officio* chairman of an advisory committee, he may appoint another officer of the Department to act as secretary of such committee.

12. An advisory committee shall meet at least once every six months on a date and at an hour and place fixed by the chairman, who shall give written notice thereof to every member of the committee at his usual address at least ten days prior to the date fixed as aforesaid, together with a copy of the agenda to be considered and a copy of the minutes of the previous meeting: Provided that notice of a special meeting may be given to every member in such manner as the chairman may deem fit.

13. All questions for the consideration of an advisory committee at any meeting shall be decided by a majority of the members present at such meeting, and in the case of an equality of votes, the chairman shall have a casting vote in addition to his deliberative vote: Provided that the quorum for any meeting of an advisory committee shall be 50 per cent of the total number of members of such committee.

14. The chairman shall decide whether it is competent for an advisory committee to consider any subject not included in the agenda and introduced by a member, and the chairman's decision shall be final: Provided that any matter referred to an advisory committee by the Minister or the Secretary for consideration shall be considered by such meeting notwithstanding the fact that it was not included in the agenda.

15. Any member of an advisory committee desiring that a subject be included in the agenda shall lodge notice to that effect with the chairman at least 14 days before the date of the next meeting of the committee.

16. The chairman of an advisory committee shall ensure that all discussions, deliberations and recommendations of every meeting are minuted in a book to be kept for that purpose, and a copy of such minutes shall be sent to the Secretary within one month of the date on which the meeting was held.

17. The chairman shall ensure that the names of all members present at the meeting to which the minutes relate are recorded in the minutes.

18. All recommendations made by an advisory committee to the Minister shall be upon a resolution of the committee passed at a properly convened and constituted meeting at which the quorum referred to in regulation 13 was present, and any recommendation shall be certified to that effect by the chairman of the meeting and shall be sent to the Secretary within one month of the date of the meeting for transmission to the Minister.

'n vise-voorsitter wie se ampstermyn verstreke is, solank as wat hy lid van die betrokke komitee is, in die amp aanbly tot die eersvolgende vergadering van die komitee.

9. 'n Adviserende komitee kies jaarliks 'n vise-voorsitter van die komitee en indien sodanige vise-voorsitter te sterwe kom of as hy sy amp op 'n ander wyse ontruim, kies die komitee onmiddellik 'n ander vise-voorsitter vir die oorblywende deel van die tydperk ten opsigte waarvan die amp vakant geraak het.

10. In die afwesigheid van die voorsitter van enige vergadering van die komitee, neem die vise-voorsitter die stoel in en indien die vise-voorsitter ook afwesig is van sodanige vergadering, kies die lede van die komitee wat teenwoordig is 'n persoon uit hulle geledere om op genoemde vergadering voor te sit.

11. Die lede van 'n adviserende komitee stel een uit hul geledere aan om as sekretaris van die komitee op te tree: Met dien verstande dat waar 'n beampte van die Departement *ex officio* voorsitter van 'n adviserende komitee is, hy 'n ander beampte van die Departement kan aanstel om as sekretaris van die komitee op te tree.

12. 'n Adviserende komitee vergader minstens een keer elke ses maande op 'n datum, tyd en plek deur die voorsitter bepaal, waarvan die voorsitter skriftelik aan elke lid van die komitee by sy gewone adres kennis moet gee ten minste 10 dae voor die datum aldus bepaal, tesame met 'n afskrif van die agenda wat oorweeg sal word, asook 'n afskrif van die notule van die vorige vergadering: Met dien verstande dat kennis van 'n spesiale vergadering aan elke lid gegee kan word op 'n wyse wat die voorsitter doenlik ag.

13. Oor alle aangeleenthede vir oorweging deur 'n adviserende komitee op enige vergadering, word besluit deur 'n meerderheid van die lede teenwoordig op so 'n vergadering, en in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem bo en behalwe sy beraadslagende stem: Met dien verstande dat die kworum vir enige vergadering van 'n adviserende komitee 50 persent van die totale getal lede van sodanige komitee is.

14. Die voorsitter besluit of 'n adviserende komitee bevoeg is om enige onderwerp te oorweeg wat nie op die agenda is nie en wat deur 'n lid voorgestel is, en die voorsitter se besluit is finaal: Met dien verstande dat enige aangeleentheid wat deur die Minister of die Sekretaris vir oorweging na 'n adviserende komitee verwys is, deur sodanige vergadering oorweeg moet word nieteenstaande die feit dat dit nie in die agenda ingesluit is nie.

15. Enige lid van 'n adviserende komitee wat verlang dat 'n onderwerp in die agenda ingesluit word, moet minstens 14 dae voor die datum van die volgende vergadering van die komitee die voorsitter daarvan in kennis stel.

16. Die voorsitter van 'n adviserende komitee moet toesien dat alle besprekings, beraadslagings en aanbevelings van elke vergadering genotuleer word in 'n boek wat vir dié doel gehou moet word, en 'n afskrif van sodanige notule moet binne een maand na die datum waarop die vergadering gehou is, aan die Sekretaris gestuur word.

17. Die voorsitter moet toesien dat die name van alle lede teenwoordig op die vergadering waarop die notule betrekking het, in die notule aangeteken word.

18. Alle aanbevelings wat 'n adviserende komitee by die Minister doen, geskied kragtens 'n besluit van die komitee geneem op 'n vergadering wat behoorlik belê en saamgestel is en waarop 'n kworum in regulasie 13 genoem, teenwoordig was, en enige aanbeveling word as sodanig deur die voorsitter van die vergadering gesertifiseer en binne een maand na die datum van die vergadering aan die Sekretaris gestuur vir deursending aan die Minister.

PART C.—ALLOWANCES PAYABLE TO MEMBERS OF ADVISORY COMMITTEES WHO ARE NOT IN THE FULL-TIME SERVICE OF THE STATE.

19. It shall be competent for the Secretary, out of funds provided by Parliament for the purpose, to pay to each member of an advisory committee an allowance on account of transport and out-of-pocket expenses actually and necessarily incurred in the performance of his duties as a member at a rate of R2,10 per day.

20. Actual transport expenses of any member of an advisory committee shall be defrayed from public funds in the following manner:

20.1 A first class return ticket shall be provided if any member of an advisory committee desires to travel by rail and if he travels by other public transport such member shall be entitled to a refund of the actual expenditure incurred.

20.2 Whenever a member of an advisory committee desires to travel by road, he shall be paid a transport allowance at the current Public Service tariff for the use of his privately owned or hired motor transport in cases where railway or other public transport is not available, or the cost to the Government of a journey by rail or other public transport where such transport is available.

21. Every claim for transport allowances and out-of-pocket expenses submitted by a member of an advisory committee shall set forth the date or dates on which a meeting was attended, the distance travelled, the kilowatt of the vehicle and the nature of the duties performed and shall be certified as true and correct by both the claimant and the chairman of the advisory committee.

These regulations shall supersede the regulations published under Government Notice R. 1574 of 11 October 1963, as amended by Government Notice R. 521 of 3 April 1970.

DEEL C.—TOELAES BETAALBAAR AAN LEDE VAN ADVISERENDE KOMITEES WAT NIE IN DIE VOLTYDSE DIENS VAN DIE STAAT IS NIE

19. Die Sekretaris is bevoeg om uit fondse wat vir dié doel deur die Parlement bewillig is, 'n toelae aan elke lid van 'n adviserende komitee te betaal ter bestryding van vervoerkoste en van klein uitgawes werklik en noodwendig aangegaan in die uitvoering van sy pligte as 'n lid, teen 'n tarief van R2,10 per dag.

20. Werklike vervoerkoste van enige lid van 'n adviserende komitee word op die volgende manier uit staatsfondse bestry:

20.1 'n Eersteklas-retoerreiskaartjie word verskaf as 'n lid van 'n adviserende komitee verlang om per spoor te reis, en indien hy van ander openbare vervoer gebruik maak, is so 'n lid geregtig op terugbetaling van die werklike uitgawes aangegaan.

20.2 Wanneer 'n lid van 'n adviserende komitee verlang om per pad te reis, word 'n vervoertoelae teen die geldende Staatsdienstarief aan hom betaal vir die gebruik van sy private of gehuurde motorvervoer ingeval spoorweg- of ander openbare vervoer nie beskikbaar is nie, of die koste vir die Staat van 'n reis per spoor of ander openbare vervoer waar sodanige vervoer beskikbaar is.

21. Elke eis vir vervoertoelae en vir klein uitgawes wat deur 'n lid van 'n adviserende komitee ingedien word, moet die datum of datums waarop 'n vergadering bygewoon is, die afstand gereis, die kilowatt van die voertuig en die aard van die pligte verrig, aandui en moet deur beide die eiser en die voorsitter van die adviserende komitee as waar en korrek gesertifiseer word.

Hierdie regulasies vervang die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 1574 van 11 Oktober 1963, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 521 van 3 April 1970.

No. 799 10 May 1974

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR WATER AFFAIRS

The Honourable the Minister of Water Affairs has approved the appointment of Mr G. A. R. Dowling, Deputy Secretary, as Acting Secretary for Water Affairs during the absence on official duty of the Secretary for Water Affairs for the period 11 May to 31 May 1974.

No. 799 10 Mei 1974

AANSTELLING AS WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN WATERWESE

Sy Edele die Minister van Waterwese het sy goedkeuring geheg aan die aanstelling van mnr. G. A. R. Dowling, Adjunk-Sekretaris, as Waarnemende Sekretaris van Waterwese gedurende die afwesigheid van die Sekretaris van Waterwese op amptelike diens vir die tydperk 11 Mei tot 31 Mei 1974.

GENERAL NOTICES

NOTICE 286 OF 1974

DEPARTMENT OF DEFENCE

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.—SCHMIDTSDRIF

1. It is hereby notified that range exercises will take place at irregular times on a permanent basis on the Schmidtsdrif Military Range. The area is defined as per Annexure hereto.

2. Certain public roads crossing the Schmidtsdrif Military Range will at certain times be closed for all traffic. Delays will be limited to the absolute minimum.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the area as detailed in the Annexure hereto, except on public roads unless otherwise ordered, as well as the air space up to 9 000 m immediately above the exercise area.

4. All concerned are warned that it will be dangerous to ignore the warnings in terms of this notice, or to ignore any orders or signs of the Commanding Officer or the safety patrols.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 286 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENINGE.—SCHMIDTSDRIF

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefeninge op ongereelde tye, maar op 'n permanente basis, op die Schmidtsdrif Militêre Skietbaan uitgevoer sal word. Die gebied word in die onderstaande Bylae omskryf.

2. Sekere openbare paaie sal vir kort tye van tyd-tot-tyd vir verkeer gesluit wees. Padverkeer sal egter met minimum oponthoud deurgelaat word.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die gebied in die Bylae hiervan bepaal, uitgeslote publieke paaie tensy anders beveel, en die lugruim 9 000 m daarbo, binne te gaan.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewing, kragtens die bepaling hiervan uitgegee, of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of 'n lid van die veiligheidspatrollies te verontagsaam.

ANNEXURE

The area is within the following latitude and longitude (Schmidtsdrif):

28°34′ 24°06′; 28°36′ 24°07′; 28°51′ 24°00′; 28°47′ 23°54′; 28°42′ 23°56′; 28°41′ 23°59′; 28°37′ 23°57′; 28°36′ 24°03′.

Grid references on the following maps 1:50 000:

2823DB, 2824CA, 2823DD, 2824CC, 150377, 181333, 890020, 805077, 902252, 934261, 885326, 112331.

The area can be described as a sector 32 km long and 10 km wide on the western bank of the Vaal River at Schmidtsdrif.

(10 May 1974)

BYLAE

Die gebied, algemeen bekend as Schmidtsdrif binne die volgende breedte- en lengtegraadslyn:

28°34′ 24°06′; 28°36′ 24°07′; 28°51′ 24°00′; 28°47′ 23°54′; 28°42′ 23°56′; 28°41′ 23°59′; 28°37′ 23°57′; 28°36′ 24°03′.

Binne die volgende ruitverwysings op kaarte 1:50 000:

2823DB, 2824CA, 2823DD, 2824CC, 150377, 181333, 890020, 805077, 902252, 934241, 885326, 112331.

Die betrokke gebied kan naastenby beskryf word as 'n strook van ongeveer 32 km lank en 10 km wyd wes van die Vaalrivier by Schmidtsdrif.

(10 Mei 1974)

NOTICE 287 OF 1974

DEPARTMENT OF INLAND REVENUE

CONSCIENCE MONEY

The receipt of the following amount, sent anonymously to the Receiver of Revenue, Pretoria, is hereby acknowledged:

Date of receipt	*Amount*
16 April 1974	R1 000

(10 May 1974)

KENNISGEWING 287 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE INKOMSTE

GEWETENSGELD

Hierby word die ontvangs erken van die volgende bedrag wat anoniem aan die Ontvanger van Inkomste, Pretoria, gestuur is:

Datum van ontvangs	*Bedrag*
16 April 1974	R1 000

(10 Mei 1974)

NOTICE 288 OF 1974

APPLICATION FOR THE REGISTRATION OF A WELFARE ORGANISATION

[Notice in terms of section 19 (7) of the National Welfare Act, 1965 (Act 79 of 1965)]

The applicant of the following welfare organisation has been granted in terms of section 19 (4) (a) of the National Welfare Act, 1965:

Name, address and registration number.—WO3060, Sandton Society for the Prevention of Cruelty to Animals, P.O. Box 69639, Bryanston, Sandton.

Objects.—(a) The prevention of all cruel, wanton and improper treatment of animals; the encouragement of kindness and consideration towards them, and the preservation of wild life of the country, with all that this implies.

(b) The income of the Society shall be applied solely towards the promotion of its objects and any portion thereof shall be paid by way of profits of its members provided that nothing herein contained shall prevent the payment in good faith of remuneration of any officer or servant of the Society or any member thereof in return for any services actually rendered to the Society.

(c) To utilise such subscriptions, gifts, donations, bequests and moneys raised by such functions, or other means as mentioned in (b) above in the attainment of the aims and objects prescribed in (a) above and for no other purpose.

M. J. PRINSLOO, Registrar of the National Welfare Board.

(10 May 1974)

KENNISGEWING 288 VAN 1974

AANSOEK OM REGISTRASIE AS WELSYNS-ORGANISASIE

[Kennisgewing ingevolge artikel 19 (7) van die Nasionale Welsynswet, 1965 (Wet 79 van 1965)]

Die aansoek van die volgende welsynsorganisasie om registrasie ingevolge artikel 19 (4) (a) van die Nasionale Welsynswet, 1965, is toegestaan:

Naam, adres en registrasienommer.—WO3060. Sandtonse Dierebeskermingsvereniging, Posbus 69639, Bryanston, Sandton.

Doelstellings.—(a) Die voorkoming van alle wrede, onverantwoordelike en onbehoorlike behandeling van diere, die bevordering van vriendelike en bedagsame optrede teenoor hulle, en die bewaring van die dierelewe van die land, met alles wat dit behels.

(b) Die inkomste van die Vereniging mag slegs ter bevordering van sy doelstellings aangewend word, en geen deel daarvan mag as winste aan sy lede uitbetaal word nie: Met dien verstande dat niks hierin vervat die bona fide-betaling van vergoeding aan 'n beampte of dienaar van die Vereniging of 'n lid daarvan in ruil vir dienste wat werklik aan die Vereniging gelewer is, verhinder nie.

(c) Om sodanige ledegeld, geskenke, donasies, bemakings en gelde as wat deur sodanige funksies, of op ander wyse soos genoem in (b) hierbo, ingesamel is, te benut ter verwesenliking van die doelstellings voorgeskryf in (a) hierbo en vir geen ander doel nie.

M. J. PRINSLOO, Registrateur van die Nasionale Welsynsraad.

(10 Mei 1974)

NOTICE 289 OF 1974

APPLICATION FOR THE REGISTRATION OF A WELFARE ORGANISATION

[Notice in terms of section 19 (7) of the National Welfare Act, 1965 (Act 79 of 1965)]

The application of the following welfare organisation has been granted in terms of section 19 (4) (a) of the National Welfare Act, 1965:

Name, address and registration number.—Heilbron Bejaardesorg (Eiendoms) Beperk, 94 Pierce Street, Heilbron, O.F.S., WO3066.

KENNISGEWING 289 VAN 1974

AANSOEK OM REGISTRASIE AS WELSYNSORGANISASIE

[Kennisgewing ingevolge artikel 19 (7) van die Nasionale Welsynswet, 1965 (Wet 79 van 1965)]

Die aansoek van die volgende welsynsorganisasie om registrasie ingevolge artikel 19 (4) (a) van die Nasionale Welsynswet, 1965, is toegestaan:

Naam, adres en registrasienommer.—Heilbron Bejaardesorg (Eiendoms) Beperk, Piercestraat 94, Heilbron, O.V.S., WO3066.

Objects.—In a spirit of Christianity, to render charitable and compassionate services to aged White persons in the Magisterial District of Heilbron by accommodating and caring for them.

M. J. PRINSLOO, Registrar of the National Welfare Board.

(10 May 1974)

NOTICE 290 OF 1974

NATIONAL WELFARE ACT, No. 79 OF 1965

SURRENDER OF CERTIFICATES OF REGISTRATION

The undermentioned organisations which were registered in terms of the National Welfare Act, No. 79 of 1965, have surrendered their registration certificates in terms of section 23 of the Act:

Names of organisations	*W.O. Numbers*
"Over-Hex Gesondheidsdiens", Worcester	2749
All Saints Mission Hospital of the Church of the Province of South Africa, All Saints	1232
Kamastone Health Centre, Kamastone	1281
Barrydale Health Committee, Barrydale	2044
Municipality of the City of Port Elizabeth—Mayoress' Work Party, Port Elizabeth	1344
The Hertzogville Nursing Board, Hertzogville	2162
Mayors' Christmas Fund, Graaff-Reinet	1859
Western Reefs Ladies' Charity League, Orkney	1869
Jane Furse Memorial Hospital, Middelburg, Tvl	521
The Bloemfontein Rotary Club	1606
St Rita's Hospital Committee, Middelburg, Tvl.	1116
Jewish Ladies Communal League (Incorporated), Johannesburg	716

M. J. PRINSLOO, Registrar of the National Welfare Board.

(10 May 1974)

NOTICE 292 OF 1974

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

It is notified for general information that the Rationalisation Committee of the Department of Industries has received applications from the following firms for the establishment of production plants for:

(a) Acrylonitrile-butadiene-styrene resins.
Karbochem (Pty) Ltd.

(b) Polyisoprene rubber.
The Synthetic Rubber Company (Pty) Ltd.

Bodies proposing to comment thereon must do so not later than 31 May 1974 to the Department of Industries, Private Bag X342, Pretoria.

(10 May 1974)

NOTICE 293 OF 1974

GENERAL NOTICE

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS LIST 627

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, within four weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

Tubes and pipes, of copper or brass, (with an external cross-sectional dimension of less than 3 mm, from free of duty to 15 per cent *ad valorem*. (BTI Ref. T5/2/15/3/1.)

Doelstellings.—Om Christelike barmhartigheid en liefdediens te verrig aan Blanke bejaardes binne die landdrosdistrik Heilbron deur hulle te versorg en te huisves.

M. J. PRINSLOO, Registrateur van die Nasionale Welsynsraad.

(10 Mei 1974)

KENNISGEWING 290 VAN 1974

NASIONALE WELSYNSWET, No. 79 VAN 1965

TERUGGAWE VAN REGISTRASIESERTIFIKATE

Die ondergemelde welsynsorganisasies wat ingevolge die Nasionale Welsynswet, No. 79 van 1965, geregistreer was, het hul registrasiesertifikate ingevolge artikel 23 van die Wet teruggegee:

Name van organisasies	*W.O.-nommers*
Over-Hex Gesondheidsdiens, Worcester	2749
"All-Saints"-Sendinghospitaal van die Kerk van die Provinsie van Suid-Afrika, All Saints	1232
Kamastone Gesondheidsentrum, Kamastone	1281
Barrydale Gesondheidskomitee, Barrydale	2044
Stadsraad van die Stad Port Elizabeth—Burgemeestersvrou se Werksgroep, Port Elizabeth	1344
Die Hertzogville Verplegingsraad, Hertzogville	2162
Burgemeesterskersfonds, Graaff-Reinet	1859
"Western Reefs" Dames se Liefdadigheidsbond, Orkney	1869
Die Jane Furse-gedenkhospitaal, Middelburg, Tvl.	521
Die Rotariër-klub van Bloemfontein	1606
Komitee van die St. Rita-hospitaal, Middelburg, Tvl.	1116
Die Gemeenskap van Joodse Vroue (met regspersoonlikheid), Johannesburg	716

M. J. PRINSLOO, Registrateur van die Nasionale Welsynsraad.

(10 Mei 1974)

KENNISGEWING 292 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

Kennis word vir algemene inligting gegee dat die Rasionalisasiekomitee van die Departement van Nywerheidswese aansoeke van die ondergenoemde ondernemings ontvang het vir die oprigting van produksie-aanlêe vir die vervaardiging van:

(a) Akrilonitriel-butadieen-stireenharse.
Karbochem (Edms.) Bpk.

(b) Poli-isopreenrubber.
Die Kunsrubbermaatskappy (Edms.) Bpk.

Instansies wat kommentaar hieroor wil lewer, moet dit voor of op 31 Mei 1974 skriftelik aan die Departement van Nywerheidswese, Privaatsak X342, Pretoria, rig.

(10 Mei 1974)

KENNISGEWING 293 VAN 1974

ALGEMENE KENNISGEWING

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 627

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige besware teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne vier weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, gerig word.

Verhoging van die reg op:

Buise en pype, van koper of geelkoper, met 'n buitedwarsdeursnee-afmeting van minder as 3 mm, van vry van reg tot 15 persent *advalorem*. (RHN-verw. T5/2/15/3/1.)

Applicant:

Capillary Tubes (Pty) Ltd, P.O. Box 484, Springs, 1560.

Rebate of the duty on:

Woven fabrics covered with preparations of cellulose derivates or of other artificial plastic materials, to the extent of the full duty less 15 per cent *ad valorem*, for the manufacture of vertical blinds. [BTI Ref. T5/2/11/12/1 (D55/74).]

Applicant:

Windovert (Pty) Ltd, P.O. Box 7531, Johannesburg 2 000.

For List 626 see General Notice 284, dated 3 May 1974.

(10 May 1974)

Applikant:

Capillary Tubes (Pty) Ltd, Posbus 484, Springs, 1560.

Korting van die reg op:

Weefstowwe bedek met preparate van sellulose-derivate of van ander kunsplastiekstowwe, tot die mate van die volle reg min 15 persent *ad valorem*, vir die vervaardiging van vertikale blindings [RHN-verw. T5/2/11/12/1 (D55/74).]

Applikant:

Windovert (Edms.) Bpk., Posbus 7531, Johannesburg, 2 000.

Kyk Algemene Kennisgewing 284 van 3 Mei 1974 vir Lys 626.

(10 Mei 1974)

NOTICE 291 OF 1974

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 26th day of April 1974

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	15 785 392,72
Notes in circulation	784 367 296,00
Deposits:	
Government	345 775 435,58
Provincial administrations	50 149 732,18
Bankers	271 116 073,97
Other	20 928 254,53
Other liabilities	205 150 229,66
	R1 695 272 414,64

Assets	R
Gold	544 501 904,43
Foreign:	
Bills	80 336 311,33
Investments	15 116 124,53
Other assets	212 879 018,76
Total gold and foreign assets	852 833 359,05
Domestic:	
Bills discounted	104 350 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	228 131 683,54
Securities:	
Government	342 153 010,85
Other	4 653 023,81
Other assets	163 151 337,39
	R1 695 272 414,64

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 42,8 per cent.

Pretoria, 1 May 1974.

N. VAN DER WESTHUIZEN, General Manager.

KENNISGEWING 291 VAN 1974

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 26ste dag van April 1974

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	15 785 392,72
Note in omloop	784 367 296,00
Deposito's:	
Regering	345 775 435,58
Provinsiale administrasies	50 149 732,18
Bankiers	271 116 073,97
Andere	20 928 254,53
Ander laste	205 150 229,66
	R1 695 272 414,64

Bates	R
Goud	544 501 904,43
Buitelandse:	
Wissels	80 336 311,33
Beleggings	15 116 124,53
Ander bates	212 879 018,76
Totaal aan goud en buitelandse bates	852 833 359,05
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	104 350 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	228 131 683,54
Sekuriteite:	
Regering	342 153 010,85
Andere	4 653 023,81
Ander bates	163 151 337,39
	R1 695 272 414,64

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 42,8 persent.

Pretoria, 1 Mei 1974.

N. VAN DER WESTHUIZEN, Hoofbestuurder.

(10 May 1974)/(10 Mei 1974)

NOTICE 294 OF 1974

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949, in support of or in opposition to an application, should reach the Secretary for Transport (Division of Civil Aviation), Private Bag X193, Pretoria, 0001, within 21 days of the date of this publication stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE A

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is to be operated. (C) Particulars of air service. (i) Area to be served. (ii) Route(s) to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Frequency and time-tables to which the service will be operated. (vi) Types of training to be provided. (vii) Particulars and description of types of work to be undertaken. (viii) Tariff of charges. (D) Aircraft to be used.

(A) A. J. E. Williams, 6 Hoog Street, Ashton 6715. (B) Eddy's Air. (C) Scheduled Air Transport Service. (ii) Cape Town–Upington–Sishen–Bloemfontein–Cape Town. (iii) D. F. Malan Airport. (iv) Daily Newspapers only. (v) Daily. (viii) R400 per day. (D) Cessna 401 ZS-IWT and Piper PA23-250 ZS-EOO.

SCHEDULE B

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR RENEWAL OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is being operated. (C) Class of air service in respect of which renewal is sought and number and date of existing licence. (D) Particulars of licence. (i) Base(s). (ii) Route(s). (iii) Area to be served. (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Types of training to be provided. (vi) Types of work to be undertaken. (vii) Tariff of charges. (E) Aircraft to be used.

(A) Helicopter Services (Pty) Ltd, P.O. Bertsham, 2013. (B) Helicopter Services (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 580, dated 24 August 1972. (D) (i) D. F. Malan Airport, Baragwanath Aerodrome, Virginia Airport and Louis Botha Airport. (iii) Republic of South Africa, South-West Africa, Angola, Mozambique, Rhodesia, Swaziland, Lesotho, Botswana and Malagasy Republic. (vii) Depending on nature of contract. (E) Westland Whirlwind series 3 ZS-HDX, Bell 206B ZS-HDV, Wessex 60 ZS-HSL, Bell G4A ZS-HBW, Bell 47G4 ZS-HDH, Hiller 12E ZS-HCT and Allouette SA318 ZS-HCE.

KENNISGEWING 294 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning, of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (Afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, 0001, binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE A

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer gaan word. (C) Besonderhede van lugdiens. (i) Gebiede wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) wat bedien gaan word. (iii) Basis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Frekwensie en roosters waarvolgens die diens geëksploiteer gaan word. (vi) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vii) Besonderhede en beskrywing van soort werk wat onderneem gaan word. (viii) Tariefskaal. (D) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) A. J. E. Williams, Hoogstraat 6, Ashton 6715. (B) Eddy's Air. (C) Vasgestelde Lugvervoerdiens. (ii) Kaapstad–Upington–Sishen–Bloemfontein–Kaapstad. (iii) D. F. Malanslughawe. (iv) Slegs daaglikse koerant. (v) Daagliks. (viii) R400 per dag. (D) Cessna 401 ZS-IWT en Piper PA23-250 ZS-EOO.

BYLAE B

LYS VAN AANSOEKE OM HERNUWING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Soort lugdiens ten opsigte waarvan hernuwing aangevra word en die nommer en datum van bestaande lisensie. (D) Besonderhede van lisensie. (i) Basis(se). (ii) Roete(s). (iii) Gebied wat bedien gaan word. (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vi) Soort werk wat onderneem gaan word. (vii) Tariefskaal. (E) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Helicopter Services (Edms.) Bpk., Pk. Bertsham 2013. (B) Helicopter Services (Edms.) Bpk. (C) Nievasgestelde Lugvervoerdienslisensie 580, gedateer 24 Augustus 1972. (D) (i) D. F. Malanlughawe, Baragwanathvliegveld, Virginialughawe en Louis Bothalughawe. (iii) Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Angola, Mosambiek, Rhodesië, Swaziland, Lesotho, Botswana en Malgassiese Republiek. (vii) Afhangende van die aard van die kontrak. (E) Westland Whirlwind-reeks 3 ZS-HDX, Bell 206B ZS-HDV, Wessex 60 ZS-HSL, Bell G4A ZS-HBW, Bell 47G4 ZS-HDH, Hiller 12E ZS-HCT en Allouette SA 318 ZS-HCE.

SCHEDULE D

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) Avex Air (Pty) Ltd, P.O. Box 3, Rand Airport, 1419. (B) Avex Air (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 546. Under "aircraft to be used", delete: "Piper PA23-250 ZS-CWI" and add: "Cessna 310Q ZS-JON".

(A) National Airways Corporation (Pty) Ltd, P.O. Rand Airport, 1419. (B) National Airways Corporation (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 402, Flying Training Air Service Licence 403 and Aerial Work Air Service Licence 404. Under "Aircraft to be used", delete: "Beech 95-A55 ZS-WWW, Beech 65-B80 ZS-FLN and Beech A36 ZS-IBN" and add: "Beech 58 ZS-TBZ, Beech D55 ZS-FKR and Beech 95-B55 ZS-RMG".

(A) Wing Tours (Pty) Ltd, P.O. Box 12, Rand Airport, 1419. (B) Wing Tours (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 729. Under "Aircraft to be used", delete: "Aero Commander 500 ZS-ITZ" and add: "Beech 95-B55 ZS-ROS".

